

**6 Februarie**

**Die Here kyk na ons innerlike**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 16:1-13**

**Fokusgedeelte: 1 Samuel 16:7**

Vandag is die voorkoms van 'n mens baie belangrik, dit is eintlik die enigste ding wat vir ander saak maak. Maar die voorkoms van 'n persoon is uiters misleidend. Want 'n mens se uiterlike vertel mens maar baie min van wie hy/sy regtig is.

Samuel moet 'n ander koning gaan salf, maar dit was 'n vreemde persoon. Omdat hy nie weet watter koning die Here hom sal aanwys nie, beoordeel hy die mense op hulle uiterlike voorkoms. In daardie tyd was dit gepas as 'n koning langer was as ander, daarom kyk Samuel na sy lengte, en dink dat dit die een sou wees wat die Here gekies het.

Maar die Here sê vir Samuel dat hy nie na die uiterlike voorkoms moet kyk nie. Die Here kyk immers nie na dieselfde dinge as die mens nie – die Here kyk na die innerlike. Wanneer so baie afhang van mens se voorkoms, is dit werklik 'n bemoediging dat die Here nie na die uiterlike kyk nie, maar na jou hart; die Here sien verby die oorbeklemtoning van die voorkoms in ons tyd. Jesus sê self in Johannes 8:15 dat Hy nie soos die mens die uiterlike beoordeel nie, maar die innerlike.

Samuel het hieruit die les geleer dat die uiterlike nie bepaal of iemand goed, sleg of deur God gekies is as sy dienaar nie. Daarom moet ons as gelowige baie versigtig wees om iemand aan sy baadjie te takseer, want die hart van die mens is wat saak maak. Onthou, die Here oordeel regverdig!

*Sing: Psalm 139:1, 2, 12*

*Teologiese Student Gerhard Niemann*